

Dink uit boks met uittree-annuïteit vir 'n afhanklike

'n Afgetrede polisieman vra of hy tot 'n uittree-annuïteit (UA) kan bydra namens sy dogter wat nie werk nie, en dan die premie vir belasting aftrek van sy inkomste.

Nee, jy kan nie.

'n UA is 'n persoonlike pensioenfonds en die belastingaftrekking geld net vir jou. Dit is juis bedoel as jou aansporing om te spaar vir aftrede. Einde van storie.

Of is dit?

Dit is hoekom ek dit so geniet om hierdie rubriek te skryf. Vrae soos dié van ons lesers help my om so 'n bietjie buite die boks te dink.

So, kom ons kyk. Om vir haar by te dra tot 'n UA in haar naam is goed. Só skep jy 'n neseier vir eendag - sy kan nie by die geld uitkom voor die ouderdom van 55 jaar nie.

Die groei in die belegging is belastingvry, al is die premies nie belastingaftrekbaar, soos wat dit sou wees as sy dit self uit eie inkomste gespaar het nie.

Al waarvoor jy moet lig loop, is dat die bydrae nie meer as R100 000 per jaar beloop nie, want dan kom geskenkbelasting (20%) vir jou ter sprake.

Hoekom, as dit wel 'n belastingaftrekking is wat jy vir jouself in die proses wil inwerk, die UA nie in jou eie naam uitneem nie?

Dis nou ver buite die boks dink, so maak eers doodseker van alle faktore ter sake deur kundige raad te kry van iemand wat sy of haar finansiële beplanningstorie behoorlik ken.

Die UA in jou naam het die voordeel dat die premie aftrekbaar is, so lank dit binne die perk van 27,5% van inkomste of R350 000 per jaar val, welke een ook al die laagste is. Die UA-belegging groei ook, soos genoem, belastingvry.

Dit val ook nie in jou boedel vir boedelbelasting by dood nie. Jy kan jou dogter 'n begunstigde maak van die UA vir wanneer jy die dag sterf.

Dit is aan die een kant 'n goeie nalatenskap; aan die ander dalk 'n lang wag vir haar, want jy moet eers doodgaan. Voor jou afsterwe kan sy nie

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

haar hande op die geld kry nie.

Maar dink gerus hieroor; dood gaar jy dood, daaroor is nie twyfel nie. En 'n UA is tog 'n langtermyn-aftreevoorsiener. Omdat mense in die algemeen veels te min voorsiening maak vir aftrede, sien ek hierin net voordele vir jou dogter.

Tog is daar iets anders om aan te herkou. By jou dood val die waarde van die UA weliswaar nie in jou boedel vir boedelbelasting nie, maar die Pensioenfondswet (24 van 1956) sê die trustees van die fonds het 'n diskresie aan wie hulle die voordele wil uitkeer.

Al het jy jou dogter as begunstigde aangewys, weeg die besluit van die trustees swaarder.

Daar sal dus 'n stuk boedelbeplanning gedoen moet word as jy wil hê dat die doel van die UA - om vir jou dogter van 'n aftree-neseier te voorsien - ná jou dood nagekom word.

As jy bereid is om te wag tot dood, is 'n lewenspolis natuurlik 'n baie goeie alternatief.

En dalk goedkoper, want die bedrag is vooraf bekend en is verseker selfs ná net een premie. Die premie is weliswaar nie belastingaftrekbaar nie, maar die opbrengs sal belastingvry uitbetaal, behalwe dalk boedelbelasting (20%) as jou netto boedel meer as R3,5 miljoen beloop.

Maar daar is nie 'n trustee wat jou begunstiging kan verander nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**